
Publication: Landbouweekblad
Date: 16 Sep 2016
Page: 32



# Pasop, Jan Taks hou jou trustbates fyn dop

**Bates word na 'n trust oorgedra om 'n trust se voordeel te kry en steeds beheer oor trustbates te hê. Die trust wek die skyn dat dit nie joune is nie, al is dit. Daar is egter 'n artikel waarmee Jan Taks deur dié skyn kan breek.**

Vandeesweek wil ek stilstaan by 'n artikel in die Boedelbelastingwet waarvan baie mense weet, maar waaraan min mense aandag skenk.

Dié artikels maak dit vir Jan Taks moontlik om bates wat nie joune is nie, vir boedelbelasting in te trek asof dit wel joune is. Dit is veral van toepassing op familietrusts omdat – en ek sê dit onomwonde en onverskrokke – die meeste sulke trusts juis probeer om boedelbelasting te vermy.

Ons kan na Artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) as 'n doringdraad-artikel verwys.

Boedelbelasting word gehef op alle eiendom wat jy besit, maak nie saak waar in die wêreld dit is nie. Dit kan vaste eiendom wees, of nie; dit kan tasbaar wees, of nie.

Daar is wel enkele uitsonderings, maar dit is 'n skrale troos vir byna ons almal. Onthou dat die wet eiendom insluit wat nie joune is nie, maar wat die wet ag jou eiendom te wees.

Kortom: "Ons weet dit is nie joune nie, maar ons sê dit is, en daarom is dit". Die opbrengs van lewenspolisse is een so 'n voorbeeld.

Wat die definisies betref: Ons doringdraad-artikel maak seker niks glip deur nie. Geagte eiendom, sê Artikel 3(3)(d), uitgesluit die eiendom wat reeds onder hierdie wet ingetrek is, sal ook eiendom insluit waaroor die oorledene onmiddellik vóór sy dood kon beskik tot sy eie voordeel, of tot die voordeel van sy boedel. Sjoe! Dit is wyd.

## FAMILIETRUSTS

Goed, kom ons praat nou daaroor in verband met jou familietrust. Die meeste familietrusts het 'n belastingoogmerk – óf inkomstebelasting óf boedelbelasting. Ek bly vandag by boedelbelasting. Bates in 'n trust val nie in jou boedel nie en daarom is dit kwytgeskeld van boedelbelasting.

Die enigste rede hiervoor, en ek wil beklemtoon, die enigste, is omdat trustbates (na regte en as die trust korrek opgestel en bestuur word) nie joune is nie. Net jou persoonlike eiendom en geagte eiendom kan in jou boedel beland, nie iemand anders se bates nie. Trustbates is iemand anders (die trustees in hul hoedanigheid as trustees) se bates.

Bates word egter (in die meeste gevalle) na 'n trust oorgedra om enersyds die voordeel van 'n trust te verkry, maar met allerhande foefies en "boekinskrywings" probeer om tog beheer oor die trustbates uit te oefen. Die trust word geskep om die skyn te wek dat dit nie joune is nie. Die doringdraad-artikel gee Jan Taks die reg om deur dié skyn te breek.

Die vermoë om trustees aan te stel en te verwyder, is 'n teken dat jy nie beheer prysgegee het nie. Die state sal ook kan verklap in hoe 'n mate jy die trustbates tot eie voordeel aangewend het. Dit het in die verlede maklik in 'n moeras van boedeladministrasie beland, maar sedert April vanjaar het Jan Taks besluit om voortaan self die aanslag vir boedelbelasting te hanteer en ons kan verwag dat daar voortaan met groot brille daarna gekyk gaan word.

'n Ander probleem is waar trustaktes die reg verleen om trustbates testamentêr te bemaak. Dit skep na my mening eerstens die vereiste reg oor daardie eiendom, soos genoem in die definisies.

Ons doringdraad-artikel word egter, om twyfel uit die weg te ruim, ondersteun deur Artikel 3(5), wat selfs diegene wat bekend is met Artikel 3(3)(d) soms miskyk. Wat spesifiek hier genoem word, is die mag om oor bates te beskik wat verkry is by wyse van 'n testament of aanstelling of op *enige ander manier*. Dit sluit die mag in om bepalings in 'n trust te herroep of te wysig.

Boere wat familietrusts het, kan hulself en hul naasbestaandes 'n groot guns bewys deur daardie akte deur regskenners te laat oudit om hierdie en ander slaggate uit te wys. 'n Skielike boedelbelastingprobleem kan vir jou naasbestaandes, of jou boedel, 'n yslike finansiële slag veroorsaak. **LBW**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, tel. **021 461 2067**; e-pos: **nico@finlac.com**.